TIENERS – IS GROEPSDRUK 'N "ISSUE"?

Tieners is kudde diere. Hulle leef, beweeg en bestaan in groepe.

My matrikulant tiener stap Vrydag-aand met 'n lang gesig by die TV kamer in. Toe ek vra wat aangaan sê sy al haar vriende gaan vanaand by 'n sekere kuierplek wees en sy het gesê sy het reeds gesê dat sy nie sal kan gaan nie, want sy weet ek sal haar nie toelaat om na 'n plek toe te gaan waar onder andere drank bedien word nie en nog die potensiaal het dat 'n groot klomp ander dinge ook kan gebeur. Einde laaste voel ek my kind se sosiale lewe kan nie lei onder my rol in die gemeenskap nie. Ek gee my toestemming dat sy mag gaan. Natuurlik was die manipulerende lang gesig toe vergete. My enigste voorwaarde was ek stap saam met haar in en gaan kyk wat daarbinne aangaan en as ek dink dit is nodig, dan kom sy saam met huistoe.

Ek voel omtrent soos 'n "celebrity" toe ek daar instap, want die meeste van die tieners wat my ken is bly om my te sien. (Daar was ook die wat probeer wegkruip het.) Sy was reg al haar vriende was daar, omtrent drie honderd van hulle. Sy was reg daar word drank bedien, maar dit wil voorkom asof die ouderdomsbeperking in die verband gehandhaaf word, maar die aadn was nog jonk en mens weet nie wat alles daarna gebeur het nie. Ek bly vir omtrent tien minute om te sien wat aangaan. Ek gaan met 'n rustige gemoed huistoe, nie omdat ek dink die plek is die paradys nie, maar ek vertrou my kind en ek glo dat sy die regte besluite sal neem.
Sy het die aand geniet, maar dit het net weer bevestig: Die meeste tieners is op hulle beste in groepe.

Maar, ek het andersins 'n moeilike week agter die rug met tieners. Die volgende is voorbeelde van die probleme waarmee tieners met wie ek hierdie week gesels het, worstel.

Een seun het weggeloop van sy huis af en saam met van sy vriende gaan vakansie hou. Volgens hom het hy weggeloop om skoon te kom van sy gewoonte om te dagga rook. Ek kon nog nie vasstel of dit gewerk het nie. Sy vriendekring was die plek waar hy met die dagga in aanraking gekom het en wat hom daarvan voorsien het wanneer hy dit nodig gehad het.

'n Ander tiener is 'n toegewyde kind van die Here. Sy en haar vriend se verhouding het te ver gegaan en nou sy sukkel sy om die negatiewe gevoelens daar rondom te verwerk en te hanteer. Alles is nie net skuldgevoelens wat gaan verdwyn as die Here nie meer 'n rol in haar lewe speel nie. Haar woorde: "Ek voel my lyf was nog nie reg hiervoor nie." "Ek het myself in die steek gelaat." "Dit is nie hoe ek my lewe beplan het nie." Volgens haar was sy regtig van mening dat sy die enigste een in haar vriendekring was wat nog nie saamgeslaap het nie, nou lyk dit nie die geval te wees nie. (Ek moet nog met die seun praat, hy wil my ook graag sien.)

'n Ander tiener moet deur die seer van 'n gebreekte verhouding werk. Hy het aan beweeg na 'n volgende meisie toe en sy het regtig iets meer permanents gesoek as wat hy wou gehad het. Sy verweer: Die manne in ons groep voel ons wil bietjie vry wees. Ons lewe lê voor ons, ons wil nie nou al so ingeperk wees nie.

'n Ander tiener is een van daardie wat nie alles vir soetkoek opeet nie. Bevraagteken alles – dikwels vir my. Maar ons het 'n goeie verhouding en ons kan openlik en eerlik met mekaar gesels. Maar, die dinge wat in die vriendekring beleef word, bring hierdie vraag: Waar is die Here? Die tiener se woorde: "Hoekom slaan Hy nie met 'n donderslag hier langs my sodat ek kan weet Hy soek my aandag nie."

‘n Ander paartjie het die meisie verlede jaar matriek klaar geskryf. Hulle babatjie is 2 jaar oud. (Hy was in matriek toe die babatjie gebore is) Wonder bo wonder het hulle sover by mekaar gebly, maar hulle is nog nie gereed om te trou nie. In ons gesprek is twee dinge duidelik: (i) Beide se ouers se harte is baie seer oor wat gebeur het en is teleurgesteld omdat hulle kinders nie na hulle waarskuwings hieroor geluister het nie. (ii) Beide se vriendekringe dink dit is so erg nie, en hulle het amper held-status in die vriendekringe.

Ek dink mens sou nog voorbeeld op voorbeeld op voorbeeld kon noem van wat groepsdruk doen. Tieners wil nie hê dat mens hieroor met hulle praat nie, wat volgens hulle kry hulle genoeg daarvan.

Vraag: Is groepsdruk vir tieners ‘n “issue”, of is dit spoke wat volwassenes opjaag?

Vraag: Indien nie, watter verklaring kan ons gee vir tieners se optrede en gedrag wat lynreg bots met dit wat hulle weet hulle ouers van hulle verwag en wat hulle meeste van die tyd mee saamstem dat dit die regte ding is om te doen of die verkeerde ding sou wees om te doen?

Vraag: Indien wel, wat kan mens sê om tieners teen groepsdruk te waarsku?

Vraag: Indien wel, watter ervaring het jy rondom groepsdruk gehad? Kan jy onthou van ‘n keer toe jy onder groepsdruk geswig het en wat jou laat swig het? watter raad sou jy gee om ‘n tiener te help om groepsdruk te hanteer?

Attie se Koffietafel : http://attie.wordpress.com/2008/01/14/tieners-is-groepsdruk-n-issue/